**TOM NEWBY SCHOOL EKSAMEN**

| **Vak** | **Afrikaans Leesbegrip en Taal** | **Eksaminator** | **Mnr. Ellis** |
|---|---|---|---|
| **Datum** | **Junie 2019** | **Totaal** | **45 Punte** |
| **Sessie** | **1** | **Tyd** | **1 uur** |
| **Graad** | **4** | **Moderator** | **Mev. Fourie** |
| **Spesiale instruksies/ toerusting** | | | |
| Hierdie assesering is opgestel met die gebruik van notas en inligting beskikbaar in die Tom Newby inligting material. Die memorandum of rubriek is opgestel tot 'n standaard, maar alternatiewe antwoorde of opinies word in ag geneem. | | | |

| Naam: | Van: | Graad 4: |
|---|---|---|

**Hierdie vraestel bestaan uit twee afdelings: Afdeling A Leesbegrip (20 punte) en Afdeling B Taal: (25 punte)**

## AFDELING A: LEESBEGRIP [30]

- **Lees die volgende gedig en beantwoord die vrae.**
- **Kyk na die woordboks om jou te help.**

| Woordelys | |
|---|---|
| **Afrikaans** | **Engels** |
| trompet | trumpet |
| mor | complain |
| vrolik | merry |
| myle | miles |
| boerboklam | goat lamb |
| verstom | astonished |
| sypaadjie | sidewalk |
| straatkatte | street cats |
| kattemaai | cats mow |
| ritme | rhythm |
| wonderlik | wonderful |
| wysies | tunes |
| tjoepstil | silent |
| gaap | yawn |



**Tibo se trompet.**

Tibo is ‘n soet kind
wat glad nooit mor of kla nie,
veral nie as dit tyd is
om kamer toe te gaan nie.


Hy borsel sy tande,
klim vinnig in die bed…
Maar as sy ma die lig afsit,
gryp Tibo sy trompet.

Klein Tibo bol sy wange
en as hy begin te blaas,
hoor almal in die straat
die vrolikste geraas.

Jy hoor daai trompet
sommer myle ver,
harder as ‘n trein se toet
of ‘n boerboklam wat blêr!

Maak niemand hom dan stil nie?
Kla sy ma en pa dan nie?
Hulle sit voor die TV
waar niks hulle sommer pla nie.

Al wat leef en beef,
luister skoon verstom
na die note wat klein Tibo
uit sy trompet laat kom.



Twee honde op die sypaadjie
begin hul sterte swaai,
terwyl die straatkatte op die muur
saam sing en kattemaai.

En hoog bo in die lug
gebeur ‘n vreemde ding:
Die sterre begin so vrolik
op en af te spring!

Die maan maak sy oë oop
en glimlag vriendelik
terwyl hy sy grys kop
op maat van die ritme knik.

Die hele straat begin te dans,
almal deel in die groot pret
van die wonderlikste wysies
uit Tibo se trompet!

Maar dan word alles tjoepstil.
klein Tibo gee ‘n gaap.
“Nag, almal”, sê hy vaak-vaak,
“dis tyd om te gaan slaap.”

Toe kryp Tibo vinnig
terug in sy warm bed.
Nou gaan slaap hy rustig,
styf langs sy trompet.

-**Jaco Jacobs**

**Woorde: 245**

**Kies die korrekte antwoorde en skryf dit neer.**

1.1 Oor wie gaan die gedig? (1)
a) Oor ma en pa
b) Oor 'n hond
c) Oor Tibo

______________________________

1.2 Watter woord sê vir ons dat Tibo nog jonk is? (1)
a) soet
b) groot
c) klein

______________________________

1.3 Watter musiek instrument kan Tibo speel? (1)
a) 'n Fluit
b) 'n Drom
c) 'n Trompet

______________________________

1.4 Wat borsel Tibo voor hy in die bed klim? (1)
a) sy hare
b) sy tande
c) sy skoene

______________________________

1.5 Onderstreep die **korrekte** woord. (1)

Tibo speel in die (oggend / middag of aand) op sy trompet.

1.6 Hoekom mor (kla) Tibo nie as hy moet kamer toe gaan nie? (1)
a) Hy hou van sy kamer.
b) Hy hou van slaap.
c) Hy hou daarvan om sy trompet te speel.

______________________________



1.7 Wat doen Tibo voor hy sy trompet speel? (1)
a) Hy bol sy wange voor hy trompet speel.
b) Hy se goeienag vir sy ma en pa.
c) Hy bêre sy trompet weg.

______________________________

1.8 Wat doen jy voor jy slaap om rustig te raak? (1)
a) Ek doen my huiwerk .
b) Ek lees ‘n boek.
c) Ek speel buite.

______________________________

1.9 Watter geluid maak ‘n trein? (1)
a) toet
b) maak brrr brrr
c) biep

______________________________

1.10 Onderstreep die **korrekte** antwoord. (1)
‘n Boerboklam….
a) Miaau
b) Blêr
c) Blaf

______________________________

1.11 Waar sit Tibo se ma en pa in die aand? (1)
a) Op die stoep
b) Voor die rekenaar
c) Voor die T.V.

______________________________

1.12 Watter ander dier luister ook na Tibo, as hy sy trompet speel? (1)
a) Straatkatte
b) Voëls
c) Bokke

______________________________

1.13 Onderstreep die **korrekte** woord. (1)
Die sterre spring __________________ op en af.
a) vrolik
b) hartseer
c) opgewonde

______________________________

1.14 Skryf ‘n **antoniem** neer vir die volgende woorde uit die gedig (4)

a) stadig ____________________

b) koud ____________________

c) groot ____________________

d) soet ____________________

1.15 Het die maan oë en kan hy vriendelik glimlag? (2)

______________________________________________________________________

1.16 Wat doen die hele straat? (1)

a) Hulle almal begin te gaap.

b) Hulle almal begin te dans.

c) Hulle almal begin te skree.

______________________________________________________________________

1.17 Skryf n **sinoniem** vir die woord “mor” (1)

______________________________

1.18 Hoe weet ons dat Tibo moeg is? Wat doen hy? (2)

1.19 Wie is die skrywer van die gedig? (1)

______________________________________________________________________

1.20 Hoeveel woorde het die gedig? (1)

____________________________

1.21 Sal jy daarvan hou as julle bure (neighbour) se kind in die aand op ‘n trompet speel? Hoekom sê jy so? (3)

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

1.22 Skryf ‘n **homofoon** vir die volgende woorde: (2)

Lug - ____________________________

Muur - ____________________________





**Afdeling A: (30)**

## AFDELING B – TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES [15]

2.1 Onderstreep die regte **lidwoord.** (1)



Tibo speel (‘n / die) liedjie op sy trompet.

2.2 Voltooi die tabel. (4)

| **Woord** | **Meervoud** | **Verkleining** |
|---|---|---|
| 2.2.1 trompet | | |
| 2.2.2 trein | | |

2.3 Pas **Kolom B by Kolom A.** (2)

| **Kolom A** | **Kolom B** |
|---|---|
| 2.3.1 Bevelsin | A) Hoor daai trompet. |
| 2.3.2 Vraagsin | B) Kan jy trompet speel? |
| | C) Sjoe, Tibo speel mooi! |
| | D) Tibo speel op sy trompet. |

2.3.1 _______ 2.3.2 _______



2.4 Skryf die volgende woorde in die **regte orde**. (1)

(speel) (Tibo) (elke aand) (trompet) (in sy kamer)

_______________________________________________

_______________________________________________

2.5 Skryf die volgende sin in **verlede** tyd. (1)

Die maan maak sy oë oop.

_______________________________________________

2.6 Skryf die volgende sin in **toekomende** tyd. (1)

Die sterre spring vrolik op en af.

_______________________________________________

2.7 Skryf die volgende sin in **ontkennende** vorm. (1)

Twee honde op die sypaadjie begin hul sterte swaai.

_______________________________________________

2.8 Vul die regte **voornaamwoorde** in. (2)

Die straatkatte sit op die muur. ________ sing saam Tibo as hy op _______ trompet speel.

2.9 Kyk na die volgende prentjie en vul **die voorsetsels** in. (2)



2.9.1 Tibo slaap ______________ die kombers.
2.9.2 Daar is 'n prent _______________ Tibo se muur.

**Afdeling B: (15)**
**Groottotaal: (45)**

**Grade 4 Afrikaans Exam June 2019**

**Performance Analysis**

(For teacher use only)

**Name and Surname: ________________________________ Class: ______**

**Section A**

| Question Number | 1.1 | 1.2 | 1.3 | 1.4 | 1.5 | 1.6 | 1.7 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Possible Mark | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| Learner Mark | | | | | | | |

| Question Number | 1.8 | 1.9 | 1.10 | 1.11 | 1.12 | 1.13 | 1.14 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Possible Mark | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 4 |
| Learner Mark | | | | | | | |

| Question Number | 1.15 | 1.16 | 1.17 | 1.18 | 1.19 | 1.20 | 1.21 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Possible Mark | 2 | 1 | 1 | 2 | 1 | 1 | 3 |
| Learner Mark | | | | | | | |

| Question Number | 1.22 |
|---|---|
| Possible Mark | 2 |
| Learner Mark | |

**Section B**

| Question Number | 2.1 | 2.2 | 2.3 | 2.4 | 2.5 | 2.6 | 2.7 | 2.8 | 2.9 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Possible Mark | 1 | 4 | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 | 2 | 2 |
| Learner Mark | | | | | | | | | |